# Belangrike bydrae tot die geskiedskrywing oor die vroeë Kaap

**Karel Schoeman, *Burgers en Amptenare: Die Vroeë Ontwikkeling van die Kolonie aan die Kaap, 1662-1679***

Protea Boekhuis, Pretoria, 2011
504 pp
ISBN 978-1-86919-272-3
R325.00

Karel Schoeman se *Burgers en Amptenare: Die Vroeë Ontwikkeling van die Kolonie aan die Kaap, 1662–1679* is die vierde band in sy reeks oor die VOC-nedersetting aan die Kaap wat deur Protea Boekhuis uitgegee is.

In hierdie studie behandel Schoeman die lewens van die reeks gesagvoerders wat Van Riebeek aan die Kaap opgevolg het: Zacharias Wagenaer, Cornelis van Qualberg, Isbrand Goske en Joan Bax. Vermoedelik sal die vyfde en laaste band oor die tydperk van die Van der Stels handel. Benewens die rol van die hoë amptenary aan die

Kaap, beskryf Schoeman ook die lotgevalle van die gewone burgers, die armes en ook die paar wat ekonomies uitgestyg het te midde van die onderdrukkende maatreëls wat die VOC as 'n handelsorganisasie met winsbejag op die Kaapse burgers afgedwing het.

In die eerste drie hoofstukke word die vorige loopbane en lewens van die kommandeurs in detail behandel en sal selfs die ingewydes in die vroeë Kaapse geskiedenis nuwe insigte verkry, danksy Schoeman se ongelooflike breë kennis en vertroudheid met veral Duitse en Nederlandse joernale en boeke waarvan talle tydgenootlike bronne is. Die vierde hoofstuk handel oor die Kaapse amptenary en die laaste vyf hoofsaaklik oor die vyburgergemeenskap, die kultuur wat plaaslik ontstaan het en ook die ontstaan van die vryburger-elitegroep. In die proses lig Schoeman die proses uit waarop burgers kon floreer: Henning Hüssing het gevorder van skaapwagter van die VOC se skape tot een van die rykste persone in die vroeë Kaapse samelewing omdat hy die pag vir vleislewering van die plaaslike owerheid ontvang het. Behalwe die vleispag was die verkryging van die wynpag by uitstek die wyse waardeur rykdom aan die Kaap verkry kon word. Schoeman verskaf dan ook heelwat inligting oor die ekonomiese situasie van die burgery en inligting oor die lewensomstandighede van die Nederlandse setlaars in die VSA waar die Wes Indiese Kompanjie (WIC) hulle gevestig het. Hierdie tipe vergelykende studie kan gerus méér deur ander historici gevolg word om die situasie in 'n wyer konteks te plaas. Heelwat inligting wat vir studente van ekonomiese geskiedenis van belang is, word in die hoofstukke oor die vrye bevolking asook die slawebevolking verskaf.

Die kultuurlandskap word in hoofstuk 5 behandel en is veral van waarde vir kultuurhistorici want dit dek inderdaad 'n bonte verskeidenheid van onderwerpe: vanaf klere en skeepskiste tot bakstene en dakteëls. En dan ook natuurlik kom Schoeman die bibliofiel en oud-bibliotekaris te voorskyn in die bespreking oor die soort boeke en leesstof wat daar in die vroeë Kaapse nedersetting was.

Die omvang van die inligting vervat in al die hoofstukke van *Burgers en Amptenare* is, by wese van spreke en met verwysing na die digter, so

wyd soos die Heer se genade. Die leser kom op feitlik elke bladsy af op nuwe inligting wat sy geskiedkundige kennis laat toeneem; of dit op plaaslike of globale geskiedenis van toepassing is, is van minder belang. En elke bladsy getuig van die fenomenale taal-, boeke- en feitekennis waaroor Schoeman beskik. Maar juis hierdie feit het ook sekere nadele: Schoeman skryf sy eie taal en gebruik woorde wat vir die deursnee-leser onbekend of vreemd is. Van hierdie woorde is die "onfortuinlike" Hackius (p 71), Goske se "installasie" as goewerneur (p 88), setlaars wat hulle op 'n eiland "installeer" en nie "vestig" nie (p 90) en die verwysing na die "krusiale jaar 1670" (p 307) enkele voorbeelde van Schoemanismes wat telkens in sy skryfstyl voorkom.

'n Klein setfout wat my persoonlik getref het, was die vermelding van die bekende VOC-werknemer Elias Hesse (p 222) wat as Heese verskyn.

In vorige resensies van Schoeman se boeke in hierdie reeks het ek reeds melding gemaak dat die gebruik van endnote dit vir die ernstige leser wat graag wil sien watter bronne gebruik is, 'n moeisame taak is om heeltyd heen-en-weer te blaai op soek na verwysings. Hiermee word die leesritme elke slag gebreek. Ongelukkig blyk dit die nuwe mode te wees, ook by gepubliseerde proefskrifte, en kan die blaam moontlik op die uitgewer geplaas word vir hierdie uitleg. Hierdie kritiek doen egter nie afbreuk aan die uiters belangrike bydrae wat Schoeman tot die Afrikaanse geskiedskrywing oor die vroeë Kaapse geskiedenis lewer nie.

*Hans Heese*
*Stellenbosch Universiteit*